

9. SKRIFBERYMINGS:

9.1 NUWE NA OU NOMMERS

N	O	2-7	37	4-7	3	8-3	89	12-1	71	14-4	83	18-1	9
1-1	24	3-1	51	4-8	5	9-1	26	12-2	27	15-1	75	18-2	36
1-2	60	3-2	63	5-1	6	9-2	58	12-3	72	15-2	38	18-3	29
1-3	61	3-3	64	5-2	7	9-3	70	12-4	81	15-3	39	18-4	46
1-4	62	3-4	65	5-3	8	9-4	21	12-5	82	15-4	40	18-5	23
1-5	85	3-5	80	5-4	10	9-5	56	12-6	90	15-5	41	18-6	57
1-6	86	3-6	87	5-5	88	9-6	20	13-1	76	15-6	42	18-7	45
2-1	19	4-1	1	6-1	11	10-1	28	13-2	77	15-7	43	18-8	30
2-2	34	4-2	2	6-2	12	10-2	59	13-3	78	15-8	44	19-1	47
2-3	32	4-3	66	7-1	31	11-1	22	13-4	79	16-1	15	19-2	48
2-4	33	4-4	4	7-2	69	11-2	52	14-1	73	17-1	17	19-3	25
2-5	35	4-5	67	8-1	14	11-3	16	14-2	74	17-2	18	20-1	49
2-6	54	4-6	68	8-2	13	11-4	55	14-3	53	17-3	84	20-2	50

9.2 OU NA NUWE NOMMERS

O	N	13	8-2	26	9-1	39	15-3	52	11-2	65	3-4	78	13-3
1	4-1	14	8-1	27	12-2	40	15-4	53	14-3	66	4-3	79	13-4
2	4-2	15	16-1	28	10-1	41	15-5	54	2-6	67	4-5	80	3-5
3	4-7	16	11-3	29	18-3	42	15-6	55	11-4	68	4-6	81	12-4
4	4-4	17	17-1	30	18-8	43	15-7	56	9-5	69	7-2	82	12-5
5	4-8	18	17-2	31	7-1	44	15-8	57	18-6	70	9-3	83	14-4
6	5-1	19	2-1	32	2-3	45	18-7	58	9-2	71	12-1	84	17-3
7	5-2	20	9-6	33	2-4	46	18-4	59	10-2	72	12-3	85	1-5
8	5-3	21	9-4	34	2-2	47	19-1	60	1-2	73	14-1	86	1-6
9	18-1	22	11-1	35	2-5	48	19-2	61	1-3	74	14-2	87	3-6
10	5-4	23	18-5	36	18-2	49	20-1	62	1-4	75	15-1	88	5-5
11	6-1	24	1-1	37	2-7	50	20-2	63	3-2	76	13-1	89	8-3
12	6-2	25	19-3	38	15-2	51	3-1	64	3-3	77	13-2	90	12-6

Liturgie

Saamgestel deur
Dr Hennie van Wyk

8. WEGSTURSEËN

2 Korintiërs 13:13	
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!	Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met u almal! Amen
Numeri 6:24 - 26	
Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.	Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!
1 Petrus 5:10, 11	
Mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!	God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlijkheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

Lofprysing	<p>Geliefdes, omdat die Here ons met die brood van die lewe versterk het, laat ons almal saam sy Naam dankbaar loof en prys met dié woorde:</p> <p>Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.</p> <p>Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.</p> <p>Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie inoorsloed laat geniet.</p> <p>Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.</p> <p>Want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.</p> <p>So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.</p> <p>Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?.</p> <p>Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig – van nou af tot in ewigheid.</p> <p>Amen.</p>
Dankgebed	<p>O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank en loof U dat U die heerlike beloftes van die evangelie met hierdie Nagmaal bekragtig.</p> <p>Ons dank U dat U u enigste Seun geskenk het as Middelaar en offer vir ons sondes.</p> <p>Ons dank U vir die ware geloof, waardeur ons deel kry aan die offer van u Seun.</p> <p>Ons bid U, laat die Heilige Gees in ons werk sodat die boodskap van die dood van die Here ons elke dag sal laat groei in die geloof en in die heerlike gemeenskap met Christus. Om sy Naam ontwil.</p> <p>Amen.</p>

Inhoud

1.	Ontmoetingsdiens _____	4
1.1	Votum _____	4
1.2	Seëngroet _____	5
2.	Belydenis _____	6
2.1	12 Artikels _____	6
2.2	Nicea _____	6
3.	Wet _____	7
3.1	Verootmoediging _____	7
3.2	Wet _____	16
3.3	Versoening _____	23
4.	Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders _____	26
5.	Formulier vir die Aflegging van Belydenis van Geloof _____	29
6.	Verkorte klassieke Nagmaalformulier _____	31
7.	Verkorte klassieke Nagmaalformulier in hedendaagse Afrikaans _____	37
8.	Wegstuurseën _____	43
9.	Skrifberymings: Nuwe na ou nommers _____	44
10.	Skrifberymings: Ou na NUWE nommers _____	44

1. ONTMOETINGSDIENS

1.1 VOTUM

Ps. 124:4	
Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het	Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het
Ps. 121:1, 2	
Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het	Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het
Ps. 95:6, 7	
Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God, en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand. Ag, as julle vandag maar na sy stem wou luister!	Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg. As julle vandag maar na Hom wou luister:
Romeine 11:36	
Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid	Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid!
Ps. 43:3, 4	
Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woning, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydschap en U kan loof met die siter, o God, my God!	Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na u woning! Laat my ingaan na die altaar van God, die God oor wie ek wil jubel en juig, dat ek U kan loof met die lier, o God, my God!
Ps. 19:14	
Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!	Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.

Matteus 5:6	Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.
Jesaja 55:1-3	Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is. Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid.
Beroep om hart en mededogting	Rig u hart en gedagtes nou op Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van ons hemelse Vader. Wees daarvan verseker dat die Heilige Gees u werklik versterk met Jesus se liggaam en bloed, net so seker as wat u die brood en die wyn ontvang as herinneringstekens aan sy verlossingswerk.
Kernuitsprake by die uitdeel handeling	Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; dink daaraan en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes. Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

	<p>Deur sy dood het Hy ook vir ons die Gees verwerf – die Gees wat lewend maak, ons in ware gemeenskap aan Christus verbind en ons in al sy seëninge laat deel. Dieselfde Gees bind ons ook in ware liefde saam as lede van één liggaam. Omdat ons almal deel in die een brood, is ons almal een liggaam. Daarom moet almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys. Mag God deur sy Gees ons daartoe help. Amen.</p>
Gebed	<p>Laat ons ons nou eers nederig voor God neerbuig en Hom gelowig om sy genade aanroep: O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank U dat ons opnuut u Seun, Jesus Christus, se bittere kruisdood mag gedenk – 'n gebeurtenis wat vir ons troos inhou. Ons bid U, gee deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons hart sodat ons onself toenemend aan u Seun sal toewy; met Hom, die brood van die ewige lewe, versterk sal word en nie meer in ons sondes nie, maar in verbondenheid met Hom mag lewe. Verseker ons dat U ons genadige Vader is en dat ons u kinders en erfgename is. Help ons om onself te verloën, om ons Heiland te bely en met verlange te wag tot Hy weer sal kom om ons in ewigheid na Hom te neem. O God en Vader, U wat U oor ons ontferm, verhoor ons om Jesus ontwil. Amen.</p>
Hierna volg 'n toepaslike Psalm. Die bedienaar gaan na die tafel en sê:	
Matteus 11:27-30	<p>“My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak. “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”</p>
Johannes 6:35, 37	<p>“Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie. “Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.</p>

1.2 SEËNGROET

Openbaring 1:4, 5	
Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde!	Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.
2 Korintiërs 13:13	
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!	Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

2. BELYDENIS

2.1 12 ARTIKELS

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
2. en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan.*
5. Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood;
6. opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
8. Ek glo in die Heilige Gees;
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die liggaam
12. en 'n ewige lewe.

2.2 NICEA

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;

en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig; Hy het gely en is begrawe. Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar. Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.

Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk.

Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.

Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling. Amen.

Nagmaal as herinneringsmaaltyd

Die Here leer ons die doel van die Nagmaal wanneer Hy sê: "Gebruik dit tot my gedagtenis."

Om die Nagmaal op hierdie wyse te gebruik moet ons opreg glo dat Christus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is, dat Hy waarlik mens geword het en as sondelose Lam God se toorn gedurende sy hele lewe op aarde in ons plek gedra het.

Christus het God se wet in ons plek met volkome gehoorsaamheid vervul. Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie.

Hy is onskuldig tot die dood veroordeel sodat ons van God se oordeel vrygespreek kan word.

Hy is met spykers aan die kruis vasgeslaan om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg.

Op hierdie manier het Hy in ons plek ons vervloeking op Hom geneem om sy seën aan ons te skenk. Sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie het Hy uiterste pyn en smart gely en in bange Godverlatenheid uitgeroep: My God, my God, waarom het U My verlaat?.

Uiteindelik het Hy met sy dood en met sy bloed wat gevloei het die ewige genadeverbond bekragtig met dié woorde: Dit is volbring Wanneer ons op hierdie wyse aan Hom en sy lyding dink, verseker die tekens van brood en wyn ons telkens weer dat Hy Hom in ons plek gestel het. Ook verseker hierdie tekens ons dat Hy ons werklik met sy liggaam en bloed voed – net soos Hy ons voed wanneer ons die brood en wyn eet en drink.

Op hierdie manier wil die lewende Christus ons deur sy Gees van sy liefde verseker en ons onwrikbaar laat besef dat ook ons ingesluit is in hierdie genadeverbond. Elke keer as ons die Nagmaal vier, getuig ons van sy dood totdat Hy weer kom. Daarom laat die fees van die Nagmaal ons vurig verlang en uitsien na die bruilofsfees van die Lam.

Die Nagmaal leer ons immers om die eenmalige offer wat ons Here Jesus Christus aan die kruis gebring het heelhartig in die geloof te aanvaar as die enigste grondslag van ons saligheid. Aan die kruis is sy liggaam gebreek en sy bloed uitgestort om sodoende volkome versoening vir al ons sondes te bewerk. Ook het Hy op hierdie wyse vir ons die ware voedsel en drank van die ewige lewe geword.

Selfondersoek	<p>Ware selfondersoek bestaan uit die volgende drie dele:</p> <p>Ons moet nadink oor ons sonde en die vloek wat ons oor onself gebring het. Hieroor moet ons onself met diepe berou in nederigheid voor God neerbuig.</p> <ul style="list-style-type: none"> •Ons moet God se vaste belofte glo dat al ons sondes vergewe is alleen op grond van die versoening wat Christus vir ons bewerkstellig het. Omdat Christus ons skuld gedra het, en ons sy geregtigheid ontvang het, is ons van ons skuld vrygespreek. •Ons moet opreg begeer om God met ons hele lewe te dank, opreg voor Hom te leef en in ware liefde en eensgesindheid in harmonie met ons naaste te lewe. <p>Hulle wat só 'n gesindheid het, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die Nagmaal laat deel. Hulle wat egter God se gebod hardnekkig en sonder berou oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Daarom verkondig ons aan almal wat in hulle sonde volhard, dat hulle nie na die Nagmaal van die Here moet kom nie. Almal dus wat afgode dien, towenaars en waarsêers aanhang en aan hulle glo, lasterlike dinge van God sê of skeuring in die kerk of staat veroorsaak, meened pleeg of ongehoorsaam is, moet nie deel hê aan die Nagmaal van die Here nie; so ook alle moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gierigaards. Want iemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het nie deel aan die koninkryk van Christus nie. Tog kom ons nie na die Nagmaal omdat ons dink ons is sonder sonde en volmaak nie; intendeel, ons kom juis omdat ons die lewe buite onself in Christus soek.</p> <p>Met so 'n gesindheid erken ons dat ons van nature deur die sonde dood is. Ons het inderdaad nog baie tekortkominge, soos 'n gebrek aan geloof, aan ywer in God se diens, en aan liefde vir God en ons naaste. Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees met ons hele wese berou oor ons sondes en begeer opreg om volgens al die geboie van God te lewe. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig ag om deel te hê aan die voedsel en drank wat God ons gee.</p>
----------------------	--

3. WET

3.1 VEROOTMOEDIGING

Jakobus 2:10, 11	
<p>Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.</p>	<p>As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die geboie. God wat gesê het: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie," het ook gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie." As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet</p>
PSALM 19	
<p>Die hemele vertel die eer van God, en die uitspannel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie—onhoorbaar is hulle stem.</p> <p>Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; en dié is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop.</p> <p>Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie.</p> <p>Die wet van die HERE is volmaak: dit verklik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan</p>	<p>Die hemel getuig van die mag van God, die uitspannel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem. Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan. As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom. Aan die een kant van die hemel kom hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy gloed nie. Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. Die bevele van</p>

die eenvoudige.
 Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.
 Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop.
 Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.
 Die afdwalinge—wie bemerk hulle? Spreek my vry van die wat verborge is.
 Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestrafliek wees en vry van groot oortreding.
 Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!

die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek. U dienaar laat hom daardeur leer. Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning. Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie. Weerhou my van opsetlike sondes, laat hulle nie oor my heers nie. Dan sal ek onberispelik wees en vry van hierdie groot sonde. Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.

PSALM 32:2-5

Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.
 Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed.
 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie

Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie. Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor

7. VERKORTE KLASSIEKE NAGMAALFORMULIER IN HEDENDAAGSE AFRIKAANS

Instellingswoorde

Kom luister na die woorde waarmee ons Here Jesus Christus die heilige Nagmaal ingestel het soos Paulus dit verwoord:
 Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis." Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink

Om die Nagmaal op die regte wyse te vier en daardeur vertrous te word, is dit nodig dat ons onself vooraf deeglik ondersoek en die Nagmaal dan gebruik om die Here se verlossingswerk opnuut in herinnering te roep.

Lofverheffing	<p>Geliefdes, omdat die Here ons met die hemelse brood verkwik het, laat ons almal saam in dankbaarheid sy Naam loof en prys met die woorde:</p> <p>Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!</p> <p>Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede.</p> <p>Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.</p> <p>Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.</p> <p>So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.</p> <p>Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.</p> <p>Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom vir ons almal oorgegee en ons alles genadiglik met Hom geskenk.</p> <p>Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen.</p>
Dankgebed	<p>Barmhartige God en Vader, Ons dank en loof U dat U die heerlike beloftes van die evangelie met hierdie nagmaal aan ons bekragtig. Ons dank U dat U u eniggebore Seun geskenk het as Middelaar en offer vir ons sondes. Ons dank U vir die ware geloof, waardeur ons deel kry aan die offer van u Seun. Ons bid U, laat deur die werking van die Heilige Gees die verkondiging van die dood van ons Here ons daagliks laat groei in die geloof en in die heerlike gemeenskap met Christus, om sy Naam ontwil. Amen.</p>

<p>bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe</p>	<p>die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe</p>
PS. 38:1-5	
<p>o HERE, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie. Want u pyle het in my ingedring, en u hand het op my neergedaal. Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie; daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie. Want my ongeregtighede gaan oor my hoof; soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword.</p>	<p>Moet my tog nie in u toorn bly straf nie, Here, en my langer in u gramskap tugtig nie. U pyle het my getref, u hand lê swaar op my. Deur u toorn is daar nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie, deur my sonde is daar nie meer 'n heel plek aan my lyf nie. Ja, my ongeregtighede het my oorweldig soos 'n las wat vir my te swaar is</p>
PSALM 51:3 - 14	
<p>Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. Ontsondig my met hisop, dat ek kan</p>	<p>Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belai toe my moeder swanger geword het. Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het</p>

<p>rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydschap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregthede.</p> <p>Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer</p>	<p>my verbrysel; laat my weer jubel. Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.</p>
--	--

PSALM 130

<p>Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE! Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smeking.</p> <p>As U, HERE, die ongeregthede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.</p> <p>Ek wag op die HERE; my siel wag, en ek hoop op sy woord. My siel wag op die Here meer as wagtters op die môre, wagtters op die môre.</p> <p>Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing; en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregthede.</p>	<p>Uit die dieptes roep ek na U, Here, luister tog na my, Here, hoor tog my hulpgeroep. As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan? Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien. Ek stel my vertrou in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord. Ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag, wagte op die môre. Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker. Hy alleen sal Israel verlos van al sy sondes</p>
---	--

JESAJA 59:1 – 3

<p>Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te</p>	<p>Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om</p>
--	---

<p>Jesaja 55:1-3</p>	<p>Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.</p> <p>Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is.</p> <p>Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid.</p>
<p>Hartverh effing</p>	<p>Verhef u harte tot Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van die hemelse Vader, en wees verseker dat die Heilige Gees u net so seker met Jesus se liggaam en bloed versterk as wat u die tekens van brood en wyn tot sy gedagtenis ontvang.</p>
<p>Formule</p>	<p>Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.</p> <p>Die beker van danksegging wat ons met danksegging seen, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.</p>

Gebed	<p>Laat ons ons nou eers voor God verootmoedig en Hom gelowig om sy genade aanroep:</p> <p>Barmhartige God en Vader, Ons dank U dat ons die troosryke gebeurtenis van u Seun, Jesus Christus, se bittere dood mag gedenk. Ons bid U, gee deur u Heilige Gees 'n opregte vertrouwe in ons hart om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons met Hom, die hemelse brood, verkwik word en nie meer in ons sondes nie maar in Hom mag lewe. Verseker ons dat U ons genadige Vader is en ons u kinders en erfgename. Help ons om onself te verloën, ons Heiland te bely en met verlange te wag op sy terugkoms, wanneer Hy ons in ewigheid tot Hom sal neem. Verhoor ons, o God en barmhartige Vader, om Jesus ontwil. Amen.</p>
<i>Hierna volg 'n toepaslike psalm. Die dienaar gaan na die tafel en sê:</i>	
Matteus 11:27-30	<p>“My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak.</p> <p>“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.</p> <p>Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.</p> <p>My juk is sag en my las is lig.”</p>
Johanne s 6:35, 37	<p>“Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.</p> <p>“Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.</p>
Matteus 5:6	Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Gebed	<p>swaar om te hoor nie; maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.</p> <p>Want julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg</p>	<p>te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie. Julle hande is met bloed bevlek, julle vingers met onreg. Julle praat net leuens, julle bedink net onreg</p>
1 JOHANNES 1:5 - 2:5		
Matteus 11:27-30	<p>En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.</p> <p>As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.</p> <p>As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.</p> <p>As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.</p> <p>As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie. My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.</p>	<p>Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtheid. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie. Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes</p>

<p>En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.</p> <p>Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.</p>	<p>nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. Iemand wat sê: "Ek ken Hom, "maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is</p>
--	---

1 JOHANNES 2:15 – 17

<p>Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.</p> <p>Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.</p>	<p>Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge-alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit-kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe</p>
--	---

JAKOBUS 4:3 - 10

<p>Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.</p> <p>Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.</p> <p>Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees</p>	<p>As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig. Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon,</p>
--	--

<p>Gedagtenis</p>	<p>Die Here leer ons die doel van die nagmaal wanneer Hy sê: Doen dit tot my gedagtenis. Om dit te doen moet ons opreg glo dat Hy deur die Vader na hierdie wereld gestuur is, dat Hy ware mens geword het en as sondelose Lam die toorn van God gedurende sy hele lewe op aarde vir ons gedra het. Hy het met volmaakte gehoorsaamheid God se wet vir ons vervul. Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie. Hy is onskuldig ter dood veroordeel sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word. Hy is aan die kruis gespyker om die skuldbrief van ons sondes vas te nael. So het Hy ons vervloeking op Hom geneem om ons met sy seën te vul. Hy het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat? sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie. Eindelik het Hy met sy dood en bloedstorting die ewige genadeverbond bekragtig met die woorde: Dit is volbring.</p> <p>Wanneer ons so aan Hom dink, word die tekens van brood en wyn telkens weer 'n versekering dat Hy Hom in ons plek oorgegee het en dat Hy ons so seker met sy liggaam en bloed voed as wat ons die brood en wyn eet en drink. So wil die lewende Christus deur sy Gees ons van sy liefde verseker en ons tot die vaste wete bring dat ons ook tot hierdie genadeverbond behoort. En elke maal as ons nagmaal vier, verkondig ons sy dood totdat Hy kom.</p> <p>Daarom laat die fees van die nagmaal ons ook met groot verlange uitsien na die bruilofsmaal van die Lam. So leer die nagmaal ons om die enige kruisoffer van ons Here Jesus Christus as die enigste grondslag van ons saligheid in die gelofte omhels. Daar is sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening van al ons sondes en het Hy vir ons die ware voedsel en drank van die ewige lewe geword. Deur sy dood het Hy ook vir ons die lewendmakende Gees verwerf, wat ons aan Christus in ware gemeenskap verbind en in al sy rykdomme laat deel. Dieselfde Gees bind ons ook as lede van een liggaam in ware liefde saam. Omdat ons almal aan die een brood deel het, is ons almal een liggaam. Daarom moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys. Mag God deur sy Gees ons daartoe help. Amen.</p>
-------------------	--

Selfondersoek	<p>Die ware selfondersoek bevat hierdie drie hoofpunte: Ons moet nadink oor ons sonde en vervloeking en ons met diepe berou hieroor voor God verootmoedig. Ons moet die vaste belofte van God glo dat al ons sondes alleen op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is en dat sy volkome geregtigheid ons toegereken en geskenk is. Ons moet die opregte begeerte hê om met ons hele lewe dank aan God te bewys, opreg voor Hom te wandel en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe.</p> <p>Wie so gesind is, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die nagmaal laat deel. Maar hulle wat hardnekkig en sonder berou God se gebod oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Daarom verkondig ons aan alle afgodsdienaars, towenaars en waarsêers en die wat aan hulle glo, godslasteraars en skeurmakers in kerk en staat, meinediges en ongehoorsames, moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gierigaards om nie na die nagmaal van die Here te kom nie. Want niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het deel aan die ryk van Christus nie. Tog kom ons nie na die nagmaal omdat ons onself sondeloos en volmaak ag nie; intendeel, ons kom juis omdat ons ons lewe buite onself in Christus soek. Daarmee erken ons dat ons van nature deur die sonde dood is. Ons het inderdaad nog baie gebreke: gebrek aan geloof, aan ywer in God se diens, aan liefde tot God en ons naaste. Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees van harte berou oor ons sondes en begeer opreg om volgens al die gebooie van God te lewe. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te he aan die hemelse spys en drank.</p>
----------------------	---

<p>wat in ons woon? Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog</p>	<p>heeltemal vir Homself wil hê? Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade." Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars. Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydschap in droefheid. Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.</p>
1 Petrus 1:13 - 25	
<p>Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap;</p>	<p>Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig." Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy dade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld. Julle weet tog dat julle nie met verganklike</p>

<p>omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlijkheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees. As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlijkheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is</p>	<p>middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom. Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig. Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. Die Skrif sê: "Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dit bly vir ewig." En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.</p>
---	---

Esra 9:5-10

<p>My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregthede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog. Van die dae van ons vaders af tot vandag toe is ons in 'n groot skuld, en oor ons ongeregthede</p>	<p>"My God, ek is te skaam, ek het nie die vrymoedigheid om my kop voor U op te tel nie. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog. Van die tyd van ons voorvaders af tot vandag toe is ons bestaan vol oortredings teen U. Dit</p>
---	---

<p>Opwekking en verwelkoming</p>	<p>Waar u hier openlik u geloof bely en God se verbondsbeloftes wat in u doop verseël is, aanvaar het, wek ons u op om hierin te volhard [29]. In die Naam van ons Here Jesus Christus heet ons u hartlik welkom in die volle gemeenskap met die volk van God. Mag die God self van alle genade, wat ons tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus geroep het, nadat ons 'n kort tyd gely het, u volmaak, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.</p>
----------------------------------	--

6. VERKORTE KLASSIEKE NAGMAALFORMULIER

<p>Geliefdes in ons Here Jesus Christus,</p>	
<p>Instelling</p>	<p>Luister na die instellingswoorde van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus soos Paulus dit beskryf: Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gese: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink. Om die nagmaal reg en troosryk te vier is dit nodig om onself vooraf reg te ondersoek en dit tot sy gedagtenis te gebruik.</p>

Derhalwe word aan elkeen van hulle nou afsonderlik die geleentheid daartoe gebied

Tot diegene wat Belydenis affé.

U kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van sy gemeente om u geloof te bely. Daarom versoek ek u om in alle opregtheid op die volgende vrae te antwoord:

- 1 Glo u in die enige ware God, Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam u gedoop is?
- 2 Glo en bely u dat al is u in sonde ontvang en gebore en nog steeds tot alle boosheid geneig, u tog in Christus geheilig is, deur die Vader tot sy kind aangeneem is en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe gehoorsaamheid opgewek is?
- 3 Glo en bely u dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die Saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?
- 4 Is dit u voorneme om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van u lewe standvastig te volhard, die verbondsgemeenskap met God te onderhou, Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien, van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien, u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek en so hierdie belydenis van u met 'n godvresende lewe te bevestig?
- 5 Beloof u, terwyl die volle gemeenskap met die kerk van Christus nou vir u ontsluit word, om as 'n lewende lid van die kerk die bediening van Woord en sakramente ywerig te soek, u gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aan te wend en dat u u aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp as u in leer of lewe u misgaan?

NN, wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja

is ons self, ons konings, ons priesters oorgegee in die hand van die konings van die lande, aan die swaard, aan gevangenskap en aan plundering en beskaming van die aangesig soos dit vandag is. 8 En nou was daar vir 'n klein oomblik genade van die kant van die HERE onse God, om vrygeraaktes vir ons te laat oorbly en ons 'n pen te gee in sy heilige plek, sodat onse God ons oë verhelder het en ons 'n bietjie verademing geskenk het in ons diensbaarheid. 9 Want slawe is ons; in ons slawerny egter het onse God ons nie verlaat nie, maar Hy het ons guns laat vind voor die konings van Persië, sodat hulle ons verademing geskenk het om die huis van onse God weer op te rig en sy puinhoop te herstel en ons 'n muur te gee in Juda en Jerusalem. 10 En wat sal ons nou ná hierdie dinge sê, onse God? Want ons het u gebooe verlaat

was deur ons sondes dat ons, ons konings en ons priesters in die mag van heidenkonings oorgegee is. Ons is doodgemaak, gevange geneem, geplunder; smaad het oor ons gekom en dit is nou nog daar. "Nou, 'n kort oomblikkie, het daar vir ons genade gekom van die Here ons God. Hy het die klompie van ons laat vrykom en ons hier in sy heilige plek vastigheid gegee. Ons God het ons weer laat lewe, ons 'n oomblik laat asem skep na ons slawerny. "Ons was slawe, maar ons God het ons nie slawe laat bly nie. Maar wat kan ons nou sê, ons God, na dié dinge? Ons het u gebooe oortree

3.2 WET

Eksodus 20	
Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.	Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.	Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.	Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.	Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde	Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en

Doop	N, ek doop u/jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
Dankebed	Almagtige, barmhartige God en Vader, Ons dank en loof U dat U ons en ons kinders, deur die bloed van u geliefde Seun Jesus Christus, al ons sondes vergewe en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig. Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind (kinders) altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy (sy/hulle) Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem, sodat hy (sy/hulle) u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat u aan hom (haar/hulle) en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin, om U en u Seun Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys. Amen.

5. FORMULIER VIR DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

Aan die gemeente	Geliefdes in die Here, God het in Jesus Christus, ons Here, die verbond van genade met ons en ons kinders opgerig. As kinders en erfgename het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond maar word ons ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die verbond geroep. Daarom moet verbondskinders wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik in die midde van die gemeente bely asook hulle voorneme om deur die krag van die Heilige Gees die verbondsgemeenskap met God te onderhou. Gelei deur die Gees van God en sy woord het hierdie broeders en susters die kerkraad gevra om hulle geloof hier openlik te bely. Nadat hulle behoorlik onderrig en ondervra is, is die kerkraad daarvan oortuig dat elkeen van hulle toegerus is om tot sodanige persoonlike belydenis te kom.
-------------------------	---

Gebed	<p>O, almagtige, ewige God, U het volgens u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf en die gelowige Noag met sy gesin - agt mense - deur u groot barmhartigheid gered en bewaar; U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en u volk Israel op droë grond daardeur gelei - waardeur die doop afgebeeld is.</p> <p>Ons bid U, kragtens u grondelose barmhartigheid, dat u hierdie kind (kinders) van U genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in u Seun Jesus Christus wil inlyf, sodat hy (sy/hulle) met Hom in sy dood begrawe mag word en met Hom in 'n nuwe lewe mag opstaan.</p> <p>Laat hy (sy/hulle), terwyl hy (sy/hulle) Hom daagliks navolg, sy (haar/hulle) kruis blymoedig dra en Hom aanhang met opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde, sodat hy (sy/hulle) hierdie lewe, wat tog niks anders as 'n voortdurende sterwe is nie, deur U getroos, mag verlaat en op die laaste dag sonder verskrikking voor die regterstoel van Christus, u Seun, mag verskyn.</p> <p>Dit bid ons deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat, saam met U en die Heilige Gees een enige God, leef en regeer in ewigheid. Amen.</p>
<i>Die doopouers moet nou op die volgende vrae antwoord:</i>	
Vrae	<p>Geliefdes in die Here Christus, U het gehoor dat die doop 'n instelling van God is om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël. Daarom moet ons dit vir hierdie doel en nie uit gewoonte of bygelowigheid gebruik nie. Dat dit openbaar kan word dat dit u gesindheid is, moet u van u kant op hierdie vrae opreg antwoord:</p> <p>Ten eerste: Hoewel ons kinders in sondes ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe is, bely u nogtans dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?</p> <p>Ten tweede: Bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?</p> <p>Ten derde: Belowe u en neem u u voor om hierdie kind (kinders), van wie u die vader en/of moeder is, wanneer hy (sy/hulle) dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?</p> <p>Antwoord: Ja.</p>
<i>Daarna sê die dienaar as hy die doop bedien, die volgende:</i>	

gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.	alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.	Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
Jy mag nie doodslaan nie.	Jy mag nie moord pleeg nie.
Jy mag nie egbreek nie	Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
Jy mag nie steel nie.	Jy mag nie steel nie.
Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.	Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie	Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."
Toe die volk die donderslae en die klank van die ramshoring hoor, en die weerligte en die rook op die berg sien, het hulle van angs gebewe en op 'n afstand bly staan. Hulle sê toe vir Moses: "Praat jy liever met ons, en ons sal luister. Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf." Maar Moses het die volk geantwoord: "Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê vir Hom en nie sondig nie."	En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.
Deuteronomium 5	
En Moses het die hele Israel laat roep en vir hulle gesê: Hoor, Israel, die insettinge en die verordeninge wat ek vandag voor julle ore uitspreek; julle	Moses het die hele volk bymekaareroep en vir hulle gesê: "Israeliete, luister na die voorskrifte en die bepalinge wat ek vandag hier

moet dit leer en dit sorgvuldig hou. Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is. Van aangesig tot aangesig het die HERE op die berg uit die vuur met julle gespreek — ek het in dié tyd tussen die HERE en julle gestaan om aan julle die woord van die HERE bekend te maak, want julle was bevrees vir die vuur en het nie op die berg geklim nie — en Hy het gesê:	in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer, dit gehoorsaam en daarvolgens lewe. Die Here ons God het by Horeb 'n verbond met ons gesluit. Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe. Ja, met julle persoonlik het die Here op die berg uit die vuur uit gepraat. Ek het destyds tussen die Here en julle gestaan om die gebod van die Here aan julle deur te gee, want julle was bang vir die vuur en julle het nie teen die berg uitgeklim nie. “Die Here het gesê:
Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.	Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.	Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.	Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die	Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here

Dankbaarheid	Ten derde: Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n godvrugtige lewe lei. En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.
Die kinderdoop	En hoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie, mag hulle nogtans nie daarom van die doop uitgesluit word nie, aangesien hulle sonder dat hulle dit weet, aan die verdoemenis in Adam deel het en ook, sonder dat hulle dit weet weer in Christus tot genade aangeneem word. So spreek God ook tot Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook tot ons en ons kinders en sê: <i>Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.</i> Dit betuig Petrus ook met woorde: <i>Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here ons God na Hom sal roep.</i> Daarom het God vroeër beveel dat hulle besny moet word, wat 'n seël van die verbond en van die geregtigheid van die geloof was; so het Christus hulle ook omhels, die hande opgelê en geseën. Omdat die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het, daarom moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word. En die ouers is verplig om hulle kinders terwyl hulle opgroeï, hieromtrent breedvoeriger te onderrig. En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie kind / kinders as deel van die verbondsvolk van God en die liggaam van Christus. Wees lief vir hierdie kind/kinders, bid vir hom/haar/hulle, en wees 'n voorbeeld van 'n lewe in Christus.
Om hierdie heilige instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons daarom sy heilige Naam aanroep:	

4. FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS

Die hoofsaak van die leer van die heilige doop in hierdie drie punte saamgevat:

Sonde	Ten eerste: Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en is daarom onder die toorn van God, sodat ons nie in die ryk van God kan inkom nie, tensy ons opnuut gebore word. Dit word aan ons geleer deur die indompeling in en besprinkeling met die water, waardeur die onreinheid van ons siele vir ons aangewys word, sodat ons vermaan word om 'n afkeer van onself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onself te soek.
Verlossing	<p>Ten tweede: Die heilige doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus. Daarom word ons gedoop in die Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseel die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.</p> <p>En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was - waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf - dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word.</p> <p>Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwning van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.</p>

HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.	sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.	Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy. Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou.
Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee.	Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.
Jy mag nie doodslaen nie.	Jy mag nie moord pleeg nie.
En jy mag nie egbreek nie.	Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
En jy mag nie steel nie.	Jy mag nie steel nie.
En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.	Jy mag nie vals teen 'n ander getuig nie.
En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.	Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, sy bees of donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.

Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met 'n groot stem toegespreek, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee.	22 "Die Here het by die berg al hierdie gebooie duidelik hoorbaar aan julle hele gemeente gegee, uit die vuur en die stikdonker wolk uit, en toe het Hy stilgebly. Daarna het Hy dit op twee plat klippe geskryf en dit vir my gegee."
---	--

Matteus 22:36 – 40

En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê: Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete	"Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."
--	---

Romeine 12:9-21

Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here; verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed. Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees bly met die	Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederlike liefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle
---	--

maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.	sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom
---	--

Hebreërs 10:28, 29

As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het?	As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?
--	---

leuenaar en is sy woord nie in ons nie	vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig
Esegiël 36:26, 27	
En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.	Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.
Romeine 5:1	
Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God.	God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.
Romeine 8:1, 2	
Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood	Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.
Johannes 3:18, 36	
Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; egter aan die Seun ongehoorsaam is,	Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie. Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is,

wat bly is, en ween met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.	nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here. "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie
Efesiërs 4:25-5:3	
Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie. Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting,	Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam. As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie. As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle

<p>sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.</p> <p>En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.</p> <p>Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.</p> <p>Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.</p> <p>Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.</p>	<p>hoorders ten goede kan kom. En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was</p>
--	--

Kolossense 3:5-17

<p>Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.</p> <p>Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.</p> <p>Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, waar daar</p>	<p>Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die</p>
---	---

<p>nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.</p> <p>Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.</p> <p>Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.</p> <p>En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.</p> <p>En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.</p> <p>Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.</p> <p>En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.</p>	<p>beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God. Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal. Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofsange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom</p>
---	---

3.3 VERSOENING

1 Johannes 1:9	
As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n	As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te